A.

A. Nie 'n (g'n) A voor (van) 'n B ken nie: Baie ongeleerd wees: Not to know a B from a battledore (or a bull's foot).

As 'n mens A sê moet hy ook B sê: As iemand 'n ding begin te doen, moet hy daarmee aanhou: In for a penny in for a pound.

Van A tot Z: Van die begin tot die end: From A to Z.

AAMBEELD: Altyd op dieselfde aambeeld hamer (slaan): Altyd (tot vervelens toe) oor dieselfde onderwerp praat: To harp on the same string.

AAN: Aan iemand lê: Afhang van: It rests with.

Aan die gang (gaande): Aan die gebeur: On the go.

Hoog aan wees: Baie dronk wees: To be intoxicated.

AAND: Sy aand- en môrepraatjies kom (stem) nie ooreen nie: Hy bly nie altyd by wat hy sê nie: His statements are unreliable.

AANGEKLAM: Aangeklam wees: Effens dronk wees: To be slightly intoxicated.

AANGESIG: Iemand met twee aangesigte: 'n Vals persoon: A double-faced person.

AANGESKRYF: Goed (sleg) aangeskryf staan: (On)Gunstig bekend wees: To be in a person's good (bad) books.

AANGEWAAI: Êrens aangewaai kom: Toevallig of onverwags iewers aankom: To arrive at a place unexpectedly.

AANHOUER: Aanhouer wen: Deur aan te hou bereik 'n mens sy doel: Patience wins.

AANKLAM: By 'n nooi aanklam: Na 'n nooi vry. To try to win a girl's affection.

AANKOM: Nie daarop aankom nie: Dit maak nie saak nie: It does not matter.

AANKYK: Iemand skeef aankyk: Afkeuring van sy woorde of dade te kenne gee: To look askance at a person.

AANLÊ: By 'n nooi aanlê: Na 'n nooi vry: To try to win a girl's affection.

AANSIEN: Hoog in aansien wees: Hooggeag wees: To be highly respected.

Sonder aansien van persone: Sonder om onderskeid te maak: Without respect of persons.

AANSPOOR: Iemand aanspoor (aanpor): Aanmoedig: To encourage a person.

AANSPREEK: Iemand het die bottel goed aangespreek: Hy is dronk: To be intoxicated.

AANSTALTE: Aanstalte maak: Met iets begin; begin klaarmaak vir iets: To prepare to.

AANSTOOT: 'n Steen des aanstoots: 'n Ergernis, hindernis: To be a stumbling block.

Aanstoot gee: Ergernis veroorsaak: To give offence.

Aanstoot neem: Beledig voel deur wat 'n ander gesê het: To take offence.

AANTREK: Hom 'n saak aantrek: Hom daaroor kwel: To take a matter to heart.

AANVAAR: Sy werk aanvaar: 'n Begin daarmee maak: To assume his duties.

AANVOOR: 'n Begin met iets maak; die rigting aangee: To begin a task.

AAP: 'n Aap in 'n porseleinekas (glaaskas): Baie onhandig wees; 'n ongewone posiesie: A bull in a china-shop.

Die aap kom uit die mou: Die geheime planne kom voor die dag: The cat's out of the bag.

Al dra 'n aap 'n goue ring, hy is en bly 'n lelike ding: Mooi klere alleen maak nie die man nie: You can't make a silk purse out of a sow's ear.

Dit weet die aap se stert: Elkeen weet dit: That is a self-evident truth.

Iemand is 'n aap: Dom: Stupid.

Hulle speel met jou: aap wat het (ben) jy 'n mooie jonge: Hulle vlei jou: To fawn upon a person.

Lyk of iemand van die ape gekul is: Erg beteuterd lyk: To look perplexed and dismayed.

Die aapstuipe kry: Baie kwaad wees; homself nie meer kan bedwing nie. To be beside oneself with rage.

AAPSTERT: Sambok: Sjambok.

AARD: In die aard van die saak: Dit spreek vanself: It is in the nature of things.

AARDE: In goeie aarde val: Opienies wat gunstig ontvang word: To fall on good ground.

Die aarde (wêreld) was toe te koud vir hom om op te trap: Hulle wis nie wat hulle vir hom moes doen nie: Nothing was too good for him.

AARDJIE: 'n Aardjie na sy vaartjie: Net soos sy pa: Like father like son; a chip of the old block.

AARTAPPEL: k y k **Ertappel.**

AAS: Waar die aas is, versamel die arende: Die mense gaan altyd na 'n plek, waar hulle iets in hulle voordeel kan kry (in ongunstige betekenis): Where the carcass is, there shall the eagles be gathered together.

AASVOËL: Sy lyf aasvoël hou: Net teen etenstyd op 'n plek kom en direk daarna vertrek: To arrive at meal times.

Iemand is 'n aasvoël: 'n Vraat: A glutton.

Die aasvoëls het sy broek beet gehad: Sy broek is baie stukkend: His trousers are in tatters.

ABC: Die abc van iets: Die eerste beginsels: The ABC of.

ABRAKADABRA: Onverstaanbare taal: Abracadabra.

ADAM: Adam sê dis Eva en Eva sê dis die slang: Gesê van iemand wat hom verontskuldig: Adam blamed Eve, Eve in turn the snake.

Iemand nie van Adam af ken nie: Iemand gladnie ken nie: Not to know him from Adam.

Famielie van Adam se kant: Baie ver (of gladnie) famielie (nie): Distantly related or not related at all.

ADONIS: 'n Baie mooi man: An Adonis.

ADRES: Aan iemand se adres: Vir iemand bedoel: Intended for someone.

By die verkeerde adres wees: Nie by die persoon wat hulp kan verleen nie: To be in the wrong boat.

ADVERTEER: Iemand adverteer homself: Gesê van iemand, wat altyd net van homself ens. praat: To advertise oneself.

ADVOKAAT: Iemand praat (pleit) soos 'n advokaat: Gesê van iemand wat baie glad is met sy tong: To have the gift of the gab.

AFBREUK: Afbreuk doen aan iemand: Iemand benadeel: To cause damage to someone.

AFDRAAND: Op die afdraand wees met sy brieke los: Deur sy eie skuld sy ondergang vinnig tegemoet gaan: To cause one's downfall.

Op die afdraand wees: Agteruitgaan: To be on the decline.

AFGEDANKSTE: Iemand 'n afgedankste loesing (pak) gee: Iemand 'n deftige pak slae gee: To give someone a severe hiding.

AFGEREM: Afgerem: Gesê van iemand wat moeg en afgewerk lyk: To have a drawn, worn out appearance.

AFGOD: 'n Afgod maak van: Baie verslaaf wees aan: To worship.

AFHAAL: Iemand afhaal: Iemand beledig: To insult a person.

AFJAK: Iemand afjak: Iemand 'n kortaf antwoord gee; iemand afsnou: To snub a person.

AFKLIM: Op iemand afklim: Iemand slegsê, berispe: To go for a person.

AFKONKEL: 'n Persoon van iemand anders afkonkel: Iemand op 'n slinkse manier van 'n ander wegkry (afrokkel): To coax one person away from another.

AFLEER: Iemand iets afleer: Iemand so straf of berispe oor wat hy gedoen het, dat hy hom nie weer aan dieselfde daad skuldig sal maak nie: To cure a person of something.

AFLOOP: Wat was die afloop van die saak?: Hoe het die saak geëindig?: How did it end?

AFMAAK: Met iemand afmaak: Vrede met iemand maak: To become friends again.

AFPERS: Geld van iemand afpers: Geld kry deur dwang op iemand uit te oefen: To obtain money by extortion.

AFRANSEL: Iemand afransel: Iemand 'n pak slae gee: To give someone a hiding.

AFREKEN: Met iemand afreken: Iemand swaar straf: To administer a well-deserved punishment.

AFSAAL: Êrens afsaal: Êrens vry: To go a-courting somewhere.

AFSIEN: Van iets af sien: Iets laat staan: To give up.

AFSKEEP: Iemand afskeep: 'n Persoon nie gee wat hom toekom nie: Not to give a person his due.

AFSMEER: Aan iemand iets afsmeer: Iemand op 'n oneerlike wyse iets minderwaardigs verkoop: To palm off a thing upon a person.

AFSNOU: Iemand afsnou: Iemand 'n kortaf, onbeleefde antwoord gee: To snub a person.

AFTOG: Die aftog blaas: Die teken gee om terug te trek: To sound the retreat.

AG: Jouself in ag neem: Jouself oppas: Take care of yourself.

Nie ag op iets slaan nie: Nie notiesie van iets neem nie: Not to pay attention to.

AGIE: Jou nuuskierige Agie!: 'n Skeldwoord vir iemand wat baie nuuskierig is: You inquisitive imp!

Nuuskierige Agies hoort in die wolwehok: Gebruik vir 'n nuuskierige persoon: Curiosity killed the cat.

AGTER: Agter iets kom: Iets uitvind: To hit upon.

Daar sit (steek, skuil) iets agter: Gebruik as ons vermoed, dat die eintlike doel verberg word: There is something behind that.

AGTERAF: Agteraf mense: Onbeskaafde mense: Uncultured people.

Iemand doen iets agteraf: In die geheim, in die stilte iets doen: To do something on the sly.

AGTERBAKS: Op 'n skelm manier: In an underhand way.

AGTERBLY: Agterbly wen: Die persoon wat die laaste by die wenpaal kom sal as die winner beskou word: The loser wins.

AGTERDEUR: 'n Agterdeur oophou: Sorg dat daar 'n moontlike uitweg is: To keep a backdoor open.

AGTERLAAIER: 'n Manel: A frock-coat.

AGTERMEKAAR: Iets agtermekaar sit: Iets regmaak: To put something straight.

Iets is agtermekaar: Gesê van 'n saak wat heeltemal in orde of reg is: The matter is in order.

'n Agtermekaar kêrel: Iemand op wie 'n mens kan staatmaak: A strong-minded fellow.

AGTEROPSKOP: Baie vrolik en gelukkig wees: To be happy and gay.

AGTEROS: Agteros kom ook in die kraal (juk): Die swakste, stadigste, domste persoon kry ook 'n kans of bereik op die eind ook nog sy doel: Slow but sure.

AGTERPOTE: Iemand is gou op sy agterpote: Iemand word gou kwaad: A quick-tempered person.

AGTERRYER: 'n Persoon wat vir 'n ander allerhande vernederende dingetjies moet doen: An obsequious follower.

AGTERSTEVOOR: 'n Perd agterstevoor ry: 'n Saak verkeerd aanpak: To put the cart before the horse.

In alles agterstevoor wees: Alles op 'n verkeerde manier doen: To set about everything in the wrong way.

Agterstevoor suinig: Verkeerde suinigheid: Penny wise and pound foolish.

AGTERWEË: Iets agterweë laat: Nie oor iets praat nie: To drop the matter.

AKKOORD: Akkoord gaan met iets: Met een of ander voorstel saamgaan: To be at one about a matter.

Akkoord! Ooreenkom! Done! Agreed!

ALARM: 'n Vals alarm: 'n Opskudding of onrus, waarvoor daar nie grond bestaan nie: A false alarm.

ALJIMMERS: Altyd, gedurig: Always, time after time.

ALKANT: Dis alkant selfkant: Dis net eners, hoe dit ook kom: It is six of the one and half a dozen of the other.

ALLA!	Uitroep om verbasing aan te dui:	Goodness!
ALLEMASTIG!		
ALLEMATJIES!		Good Gracious!
ALLEMENSIG!		
ALLEWÊRELD!		

ALLEMAN: Allemans vriend is niemands vriend: Elke mens het sy besonderse vriende (en dié kan hy vertrou): A friend to everybody is a friend to nobody.

ALLENIG: Iemand is nie allenig nie: Iemand is dronk: To be intoxicated.

ALMASKIE! }
ALMISKIE! } Nieteenstaande: All the same; but still.

ALMELEWE: Gedurigdeur, altyd: Always.

ALTEMIT: Dis nie altemit nie: Dis heeltemal seker; dit is so: There is no doubt about that.

AMBAG: 'n Man van twaalf ambagte en dertien ongelukke: Gebruik van iemand wat niks behoorlik kan doen nie: Jack of all trades, and master of none.

AMBRAAL: 'n Woord spottend gebruik vir iemand, wat 'n bietjie siekerig is: To feel seedy.

AMEN: Amen sê op alles: Alles goedkeur: To agree to everything.

So seker as amen in die kerk: Baie seker: As sure as fate.

AMMUNIESIE: Ammuniesie insamel: Klaarmaak om iets te doen: To prepare onself for a certain task.

AMPER: Amper maar nog nie stamper nie; Amper is op die blok se stamper: Dit het byna geluk: A miss is as good as a mile.

ANDERLAND: Anderland-toe gaan: Oorsee, na die buiteland toe: To travel over sea (abroad).

ANKER: Iewers anker gooi: Êrens gaan om te vry: To make love.

ANTJIE TATERAT: Iemand wat skinder: A gossip.

ANTJIE SOMER: 'n Lelike persoon of rower om kinders mee bang te maak: A bogeyman.

APOSTELPERDE: Te voet: To ride shank's pony.

APPEL: Iets vir 'n appel en 'n ei verkoop: Iets spotgoedkoop verkoop: To sell for a mere song.

Die appel val nie ver van die boom nie: Die geaardheid van die ouers word deur die kinders oorgeërf: Like sire, like son; a chip of the old block.

'n Suur appel deurbyt: 'n Onaangename taak wat verrig moet word: To have to swallow the pill.

'n Appeltjie met iemand te skil hê: 'n Neetlige saak met iemand afhandel: To have a bone (or a crow) to pick with a person.

'n Appeltjie vir die dors: Iets bewaar om dit later te gebruik: To lay by for a rainy day.

APPELPOE: Iemand is verkeerde appelpoe: Gebruik van iemand wat heeltemal verkeerd is: To be totally in the wrong.

ARBEID: Arbeid adel: Werk veredel 'n mens: Labour ennobles.

ARM: **Iemand lig sy arm:** Hy drink: He lifts his elbow.

Iemand moet onder 'n ander se arm gaan ruik: Erken dat die ander sy meerdere is: To recognise someone as one's superior.

Iemand in die arm neem: Iemand se hulp inroep: To call in someone's help.

Iemand met oop arms ontvang: Iemand baie hartlik ontvang: To receive someone with open arms.

ARMBEURS: 'n Stuiwer in die armbeurs gooi: Ongenooi saampraat oor iets: To join in a conversation.

ARMOEDE: Armoede is geen skande nie: Dis nie 'n skande om arm te wees nie: It is no disgrace to be poor.

As die armoede by die voordeur inkom, gaan die liefde by die agterdeur uit: Liefde word in die getroude lewe minder as armoede druk: When poverty enters the door, love flies out at the window.

AS: As is verbrande hout: Dit word aan iemand gesê, wat allerhande soorte moontlike en onmoontlike veronderstellings maak en dus al sy sinne met "as" begin: If ifs and ands were pots and pans.

Jy kan hom uit die as skop: Hy is 'n niksbeduidende kêrel: He is a nonentity.

Iemand se hand in die as slaan: Iemand oortref; iemand uitsit by sy nooi: To oust; to cut out.

ASEM: Sy asem ophou vir die uitslag: Vrees dat die resultaat nie bevredigend sal wees nie: To fear the result.

ASHOOP: Iemand sit op die ashoop: Moedeloos of treurig wees: To feel hopelessly despondent.

ASJAS: 'n Ou asjas (askoek) wees: 'n Sukkelaar wees: A ne'er-do-well, good-for-nothing.

ASKOEKSLAAN: 'n Eienaardige Hotnotsdans: A peculiar Hottentot dance.

'N ASLÊER: 'n Slegte persoon: A good-for-nothing.

ASPAAI! Pasop! I spy!

B.

BAADJIE: Iemand op sy baadjie gee: Iemand 'n pak slae gee: To dust one's jacket.

Baadjie uittrek: Hard werk of klaar maak om te baklei: To set to work or to fight.

Sy baadjie vir 'n ander uittrek: Baie goedhartig wees: To be very kindhearted.

BAAN: Baan maak: Plek maak, opsy gaan: To make room.
Baan breek: Nuwe paaie oopmaak: To pave the way.
'n Baan opskop: Lawaai maak: To kick up a row.
Iets op die lang baan skuif: Iets onbepaald uitstel: To put off till doomsday.

BAAR: Baar wees: Onervare, dom wees: To be inexperienced, stupid.

BAARD: Vir die keiser se baard speel: Nie vir geld speel nie: To play for love.
Bietjie baard maar klipsteenhard: 'n Geslepe en ervare persoon: A shrewd fellow. (kyk **Kalant.**)

BAAS: Baas bo baas: Gebruik as iemand wat graag baasspeel sy meerdere ontmoet: To meet one's match.
Altyd baasspeel: Altyd wil hê dat die ander vir sy wil moet buig: Always wanting to play the master.
Eers Baas en dan Klaas: Die meerdere moet eers gehelp word: First the master then the slave.
'n Baas maak 'n plaas: 'n Vlytige boer werk sy plaas op: A farm is practically made by the master.

BAK: Bak en brou: Alles verknoei of bederf: To mess up things.
Bak en brou, om 'n saak reg te kry: Deur knoeiery probeer om 'n saak reg te kry: There was some underhand scheming in the matter.
Toe maar, môre bak Ma koekies: Aan 'n kind gesê wat aanhou neul oor iets, wat hy nie mag kry nie: To put a child off with fair promises.
Bak staan: Swaar kry, moeite doen: To persevere.
Vinnig by die bak, lui by die vak: Gebruik van 'n baie lui mens: Always ready to eat, but not always willing to work.

BAKBOORD: Iemand van bakboord na stuurboord (bakpoort na stuurpoort) stuur: Iemand van die een plek na die ander stuur, sonder dat die persoon daardeur sy doel bereik: To send a person from pillar to post.

BAKEN: Baken maak of steek: Van 'n perd afval: To fall from a horse.
Bakens versit: By die omstandighede aanpas; 'n nuwe rigting inslaan: To strike out a new line.

BAKPOORT: Kyk **Bakboord.**

BAKOOND: Sy sit op die bakoond: Gebruik van 'n oujongnooi: She is an old maid.

BAKORE: Baie groot uitstaande ore: Protruding ears.

BAL: Die bal misslaan: Hom misgis: To be mistaken.
Die bal aan rol sit: 'n Saak aan die gang sit: To set the ball rolling.

BALIE: Tot die balie toegelaat word: Toegelaat word om as advokaat te praktiseer: To be called to the bar.

BALJAAR: Lawaai maak: To play noisily.

BALK: 'n Kruisie (strepie) aan die balk maak: Iets besonders opteken: To chalk up on the calender.

BALSEM: Sy woorde was balsem in my wonde: Sy woorde het my getroos: His words comforted me.

BAND: Uit die band spring: Onwettig word, uit beheer raak: To get out of control (hand).

Hy is die band van hulle almal: Hy oortref hulle almal: He surpasses them all.

BANG: So bang vir iets as die duiwel vir 'n slypsteen: Baie bang vir iets wees: To be dead scared of something.

Beter bang (blo) Jan as dooi Jan: Dis beter om bang as onverskillig te wees: A live dog is better than a dead lion.

BANK: Deur die bank: Sonder uitsondering: Without exception, as a rule.

So veilig soos die bank: Daar kan nie skade by kom nie: As good as the bank.

BANKROT: Bankrot speel: Nie sy skuld meer kan betaal nie: To become bankrupt, insolvent.

BARS: Al bars die bottel en al buig die fles: Al gebeur wat ook, dit moet: By hook or by crook.

BAS: Iemand op sy bas gee: Hom 'n pak slae gee: To give someone a hiding.

BASTA: Hou op! Dis genoeg! Stop that!

BEDANK: Wat jy bedank is jy kwyt: Wat iemand nie wou gehad het nie, kry hy nie weer nie: What one refuses, one loses.

BED: Dit sit my in die bed: Ek kan dit nie begryp (verstaan) nie: That beats me hollow.

Soos jy jou bed maak, so sal jy gaan slaap: 'n Mens dra die gevolge van sy dade: As you sow, so you shall reap; as you make your bed, so must you lie in it.

BEDELAAR: 'n Bedelaar het g'n keuse nie: 'n Arm man moet neem wat hy kan kry: hy kan nie uitsoek nie: Beggars cannot be choosers.

BEDELSTAF: Tot die bedelstaf geraak: Tot die diepste armoede verval: To be reduced to beggary.

BEELD: 'n Beeld van 'n meisie: 'n Baie mooi meisie: A perfect beauty.

BEEN: Iemand se been trek: Iemand pla of iemand iets probeer wysmaak, wat nie so is nie: To pull one's leg.

Iemand op een beentjie laat spring: Iemand 'n pak slae gee: To give someone a hiding.

Met die verkeerde been uit die kooi klim: Vroeg in die môre al nukkerig wees: To get out of bed with the wrong foot foremost; to get out of bed the wrong way.

'n Leër op die been bring: 'n Leër byeen bring: To raise an army.

Deur murg (merg) en been gaan: Dwarsdeur 'n mens gaan: To the marrow of one's bones.

Nie op een been(tjie) kan staan nie: Dronk wees: To be intoxicated.

Weer op die been wees: Weer herstel wees: To have recovered.

Beenaf wees op die nooi; sy been breek: Verlief wees op 'n nooi: To be in love with a girl.

Die beste beentjie voorsit: Sy uiterste bes doen: To put one's best leg foremost.

Op sy eie bene (pote) staan: Sy eie pad deur die wêreld veg: To have to fight one's own battle.

Sterk bene kan alleen die weelde dra: 'n Rykman staan bloot aan swaar versoekings: It requires strong legs to carry wealth.

Sy bene dra: Vinnig weghardloop: To take to one's heels.

Ou bene kou: Oor onaangename sake wat lankal verby is, praat: To rake up unpleasant bygones.

Hy het al baie harde (ou) bene gekou: Hy het al baie swaar gekry: He has already suffered many hardships, set-backs.

Iemand sal nie ou bene maak nie: Hy sal nie oud word nie: He will not live to an old age.

BEER: Moenie die beer se vel verkoop, voordat hy geskiet is nie: Moenie op iets staatmaak, voordat jy heeltemal seker daarvan is nie: Don't count your chickens before they are hatched.

BEES: Hy maak 'n bees van homself: Hy gedra hom sleg: He makes a beast of himself.

'n Bees van 'n krokodil ens.: 'n Besonder groot krokodil: A giant of a crocodile.

BEET: Iemand beet hê of beet neem: Iemand bedrieg: To take in a person.

BEFLITTIEKONFLEKS: Uit order: Out of tune (used of instruments.)

BEGEEF: My kragte begeef my: Verminder, laat my in die steek: My strength fails me.

BEGIN: 'n Goeie begin is halfpad gewin: As 'n mens fluks begin, is die werk gou klaar: Well begun is half done.

Klein begin, aanhou win: Volharding bring sukses al

het 'n mens 'n nietige begin gemaak: Perseverance brings success even though the beginning be insignificant.

'n Goeie begin sit voordeel in: As 'n mens goed begin, kan hy sukses verwag: A good beginning may bring success.

Waar 'n begin is, is 'n end: As 'n mens eers 'n saak begin het dan kan hy ook verwag om klaar te kry: Where there is a beginning, there is an end.

BEGRAFNIS: Te laat vir sy eie begrafnis wees: Word van 'n baie stadige persoon gesê, wat altyd laat is: Too slow to catch a snail.

BEGRYPER: 'n Goeie begryper (begrip) het maar 'n halwe woord nodig: Aan iemand wat gou verstaan, is dit nie nodig om die hele saak uiteen te sit nie: A nod is as good as a wink.

BEK: k y k **Mond.**

BEKAF: Iemand is bekaf: Hy is doodmoeg, terneergedruk: To be very tired, down in the dumps.

BEKER: Iemand loop vir die beker: Hy doen sy uiterste bes: He strains every nerve.

BEKOMS: Sy bekoms eet: Heeltemal genoeg eet: To eat to satiety.

BEKPRATER: Iemand is sommer 'n bekprater: 'n Spogger: He is a braggart.

BELOFTE: Belofte maak skuld, (wie daarop wag is gekuld): Iemand moet sy beloftes nakom: Keep your promises.

BENUL: Nie 'n benul van iets hê nie: Niks daarvan weet nie; iets nie verstaan nie: Not to have the least notion of something.

BENY: Beter beny as beklaag: Beny te word oor sukses is beter as om beklaag te word oor teenspoed: It is better to be envied than pitied.

BERDE: 'n Saak te berde bring: 'n Saak vir bespreking opbring: To broach a subject.

BERG: Iemand maak 'n berg van 'n molshoop: Hy oordryf 'n saak baie: To exaggerate very much.

Sy hare het te berge gerys: Gesê van iemand wat baie groot skrik: His hair stood on end.

Iemand goue berge beloof: Hy het my die mooiste beloftes gemaak: To promise one mountains of gold.

Berge versit: Baie uitrig: To move mountains.

BEROOF: Iemand is van sy sinne beroof: Iemand is nie by sy volle verstand nie: To be deprived of one's senses.

BEROU: Berou is 'n goeie ding, maar hy kom altyd te laat: 'n Mens het spyt oor 'n saak as daar niks meer aan verhelp kan word nie: Remorse comes too late.

BESEM: 'n Nuwe besem vee skoon: 'n Nuwe werk word altyd met ywer aangepak, maar dis nie 'n waarborg, dat dit so sal aanhou nie: New brooms sweep clean.

Onder die besemstok steek: Gewoonlik gebruik van 'n vrou wat haar man slaan: To give a hiding, generally applied to a wife who chastises her husband.

Die man staan onder die besemstok: Sy vrou is baas oor hom: He is a henpecked husband.

BESIN: Besin eer jy begin: Dink goed voor jy handel: Look before you leap.

BESKIMMELD: Skaam, verleë (kinders): Shy, timid.

BESLAAN: Goed beslaan wees: Deeglik voorberei wees: To be very well prepared.

BESLAG: Beslag lê op iemand se goed: Iemand anders se besittings in naam van die wet b.v. in beskerming neem: To seize.

Sy beslag kry: Tot stand gekom het; klaar wees: To be settled.

BESTAND: Bestand wees teen: Teen iets of iemand kan standhou: To be a match for.

BESWIL: Vir iemand se eie beswil: In iemand se belang: In your best interests.

BETAKEL: Mors, vuil maak: To mess, to soil.

BETER: Soek beter en kry slegter: Gebruik van iemand wat nooit tevrede is nie: To go through a wood and pick up a crooked stick. Aim at a pigeon—hit a crow.

BETERWETE: Teen sy beterwete: Teen sy eie oortuiging: Against his own conviction.

BETREK: Iemand (iets) betrek: Onverwags aanval: To trick a person (thing).

BETREKKING: Betrekking op iets hê: Dit staan in verband met iets: To bear a relation to.

BEVANGE: 'n Perd bevange ry: Styf gery: To founder a horse.

BEWIMPEL: 'n Saak bewimpel: Nie ronduit met die waarheid voor die dag kom nie: To mince matters.

BEWIND: Aan die bewind sit: Aan die hoof van sake staan: To be at the head of affairs.

BEWYSIE: Daar is geen bewysie van nie: Daar is nie die minste teken nie: There is not the slightest sign.

BIED: Weerstand bied: Verset teen: To offer resistance.

BIETJIE: Alle bietjies help: 'n Mens moenie die klein dingetjies verag nie: Many a little makes a mickle.

BILIAMSESEL: 'n Mishandelde trekdier: Balaam's ass.

BINNEVET: Iemand teer op sy binnevet: Iemand leef van sy kapitaal: To draw on one's capital.

BITTER: Bitter in die mond maak die hart gesond: Medisyne wat sleg smaak is baie goed: Bitter pills may have sweet effects.

BITTEREINDER: 'n Persoon wat tot die end toe volhard het in sy plig: One who has persevered till the bitter end.

BLAADJIE: In 'n goeie blaadjie staan by iemand: In sy guns wees: To be in someone's good books.

'n Nuwe blaadjie omslaan: 'n Beter begin maak: To turn over a new leaf.

BLAAS: Laat blaas: Laat asemskep: To rest a while.

BLAF: Moenie te hard blaf nie: Moenie so groot praat nie: Do not brag.

BLES: As ek dit doen dan is my naam Bles: Ek is nie so dwaas om so iets te doen nie: I am no fool to do such a thing; "I am blowed if I do such a thing."

BLIK: Sonder blik of bloos: Sonder om enigsins skaam te wees: To do something bare faced.

Sonder blik wees: Sonder geld: To be without money.

BLIKKANTIEN: Dis die laaste sien van die blikkantien: Gebruik van iemand wat stilweg, spoorloos verdwyn: To take French leave.

BLIKKIES: Dit gaan jou blikkies: Tot siens; dit gaan jou goed: So long! Farewell!

BLIKBORD: Iemand het 'n blikbord voor sy kop: Hy is onbeskaamd: He is impudent.

BLIKOOR: 'n Bynaam vir 'n Vrystater: A nickname for a Free Stater.

BLIND: Een blinde kan nie 'n ander blinde lei nie: Een onkundige persoon kan nie 'n andereen wat ook niks weet, help nie: The blind cannot lead the blind.

In die land van die blindes is eenoog koning: Onder dommes is 'n halfgeleerde 'n groot man: In the land of the blind the one-eyed is king.

Niemand is so blind as wie nie wil sien nie: Gesê van iemand wat hom nie laat oortuig nie: None so blind as those who won't see.

BLINK: Iets van die blink kant kyk: Iets van die mooiste kant beskou: To see something with rose-coloured glasses.

BLITS: Soos 'n makgemaakte (vetgesmeerde) blits loop: Gesê van iemand wat baie vinnig hardloop: To run like greased lightning.

BLO: k y k **Bang.**

BLOED: Bloed is dikker as water: 'n Mens voel meer vir sy familie as vir vreemdes: Blood is thicker than water.

Kwaad bloed sit: Ongenoeë veroorsaak: To breed ill blood.

Bloed kruip, waar dit nie kan gaan (loop) nie: Vir bloedverwante doen 'n mens altyd meer as vir ander: Blood is thicker than water.

Bloed uit 'n klip wil tap: Die onmoontlike probeer doen; te veel eis: To try the impossible; to exact too much.

BLOEDLAAT: Iemand bloedlaat: Iemand baie laat betaal: To bleed.

'N BLOEDSUIER: Iemand wat uit 'n ander voordeel wil trek: A leech; a shark.

BLOK: 'n Blok aan sy been hê: Belemmerd wees in sy handelinge: To be very much handicapped.

BLOM: 'n Blom maak: Baie goed doen: To do exceptionally well.

BLOU: Iemand blou-bont (pimpel en pers) slaan: Iemand 'n pak slae gee: To give a person a severe hiding.

Iets blou-blou laat bly: Daar nie meer oor praat nie: Let bygones be bygones.

'n Blou Maandag: 'n Dag waarop alles verkeerd loop: Black Monday.

Elke blou Maandag: Kort-kort: Very often.

Ek was maar 'n blou Maandag daar: Vir 'n kort tydjie: For a very short time.

'n Blou skeen kry: By 'n huweliksaansoek afgewys word: To be refused.

BLOUBOONTJIES: Die vyand blouboontjies gee: Op hulle skiet: To give them a leaden pill (i.e. a bullet).

BLOUBOTTEL: Die bloubottel: Kasterolie: Castor oil.

BLOUTJIE: 'n Bloutjie loop ('n Blou skeen kry): Gesê van 'n persoon wie se huweliksaansoek deur 'n meisie van die hand gewys is: To meet with a refusal.

BLUS: Sy blus is uit: Hy is heeltemal moeg, uitgeput: To be totally exhausted.

BO: Bo water wees: 'n Onbesorgde bestaan lei; hy het sy moeilikhede oorwen; het geld: To be well-to-do; to have overcome one's difficulties.

BOBAAS: Bobaas wees: Die ander oortref:: To be top-dog.

BOBBEJAAN: Hulle is bobbejane: Hulle is baie dom: They are a lot of sheep.

Die bobbejaan agter die bult gaan haal: Moeilikhede tegemoet loop: To meet troubles halfway.

Jy is 'n mooi bobbejaan!: Moenie glo nie!; dis nie so nie!: I don't think!

Bobbejaanhartseer: Geveinsde smart of berou: Crocodile tears.

Bobbejaanstuipe kry: Besonder kwaad of ontevrede wees: To get the fits.

BOE: Nie boe of ba kan sê nie: Nie 'n woord kan sê nie: Not able to say boo to a goose.

BOEDEL: Boedel oorgee: Bankrot wees; opbring: To be bankrupt; to vomit.

BOEG: Oor een boeg werk: Sonder ophou werk: To work without a break.

Oor 'n ander boeg gooi: 'n Ander draai aan 'n saak gee, om sy doel te bereik: To go on another track.

Iemand werk hom boeglam: Heeltemal gedaan: He works till he is dead beat.

BOEK: Hy is vir my 'n geslote boek: Ek begryp hom gladnie: He is as a sealed (closed) book to me.

Spreek (praat) soos 'n boek: Dit is vanselfsprekend: To speak like a book.

Dit is nou 'n boek: Dit is nou seker; dis ongetwyfeld so: That is a dead certainty.

Iets te boek stel: Dit opskryf: To commit something to paper.

Ander mense se boeke (briewe) is duister om te lees: Dit is moeilik om 'n ander mens se sake te verstaan: The troubles of others are not easily sounded.

Boeke vat: Huisgodsdiens hou: To have devotions.

Buite sy boekie gaan: Dinge doen wat hom nie opgedra is nie: To go beyond one's orders.

'n Boekie oopmaak oor iemand: Klagte hê om in te dien oor iemand: To have complaints to lodge against someone.

Iemand se boekie is vol: Dit is nou tyd dat hy van al die baie verkeerde dinge wat hy gedoen het rekenskap gee: To be called to account for one's misdeeds.

Iemand het baie op sy boekie: Hy het baie kwaad gedoen: He has committed many evil deeds.

BOEL: 'n Hele boel: 'n Groot klomp: A big lot.

Boel prys sy eie stert: Van iemand gesê wat homself prys: To blow one's own trumpet.

BOER: Iewers boer: Baie kom by 'n plek: To visit a place very frequently.

Die boer die kuns afvra: Probeer om 'n geheim uit te vind: To try to find out a secret.

BOERDERY: Jou met jou eie boerdery besig hou: Jou nie met 'n ander man se sake bemoei nie: To mind your own business.

BOEREMATRIEK: Aanneming tot lidmaat: Confirmation.

BOG: Bog praat (verkoop): Onsin praat: To talk nonsense.

Iemand is 'n bog: 'n Niksbeduidende persoon: A milksop.

BOGGELTJIE: Iemand lag hom 'n boggeltjie (met 'n skuifraampie): Hy lag baie lekker: To laugh oneself limp.

BOHAAI: Bohaai (hohaai) maak: 'n Onnodige lawaai oor 'n nietige saak maak: To make a fuss over an unimportant thing.

BOK: 'n Bok skiet (sonder kruit): 'n Groot fout maak: To make a blunder.

Hy is bok op die muur: Hy is neutraal: He is neutral.

'n Ou bok lus ook nog 'n groen blaartjie: 'n Ouerige mens hou ook van iets lekkers (gewoonlik ou mans en meisies): He hasn't cast his colt's tooth yet; he still has a sweet tooth.

Maer bokke dip: Kinders slaan: To punish children.

Bokhorings maak: Sweer: To take an oath.

So bang soos 'n bok vir 'n skoot hael: Baie bang: To be very much afraid of....

BOKERF: Bokerf trek: Baie swaar kry: To be in sore straits.

BOKKNIEË: Gesê van b.v. 'n broek wat nog die knieformasie het, al staan 'n mens al: Baggy-kneed trousers.

BOKKOM: Bokkom braai: 'n Teken van bekwaamheid of behendigheid: A capable person.

BOKSPRING: Bokspringe maak: Allerlei ekskusies maak om uit 'n moeilikheid te kom: To seek for excuses.

Jy sal bokspring: Jy sal 'n pak slae kry: You will get a hiding.

Hy bokspring vandag weer: Hy spog: He shows off.

BOKVELD: Iemand is bokveld-toe: Hy is dood: He is dead.

BOKWA: 'n Mens kan met 'n bokwa en 'n lang span osse daarin draai: Dit is groot; daar is ruimte: There is ample room.

BOKWA-TOESPRAAK: 'n Toespraak wat van 'n wa gehou word, veral gedurende verkiesingstye: An election speech.

BOKWAGTER: Bokwagter word: 'n Ou jongnooi begin te word: To approach old maidenhood.

BOLMAKIESIE: Bolmakiesie (bollemakiesie) slaan: Skielik van standpunt verander: To change front suddenly.

BONE: Iemand is in die bone: Iemand is in moeilikheid: To be in trouble.

BONT: Dit te bont maak: Dit te erg maak: To make things too awkward.

Sy bont varkie is weg: Hy is taamlik mal: He has a screw loose.

'n Bontetjie wees: Gesê van iets of iemand wat die ander oortref: To be cock of the walk.

BOOG: Die boog kan nie altyd gespan wees nie: 'n Mens kan nie altyd besig wees nie: One must relax from time to time; the string, always strained, snaps at last.

BOOM: Tussen die boom en die bas: Nie goed nie, ook nie sleg nie; nie aan 'n besondere politieke party behoort nie: Betwixt and between.

Aan die vrugte ken 'n mens die boom: 'n Mens se karakter kom in sy dade uit: The tree is known by its fruit.

Algar moenie in een boom nes maak nie: Die kinders uit een huis moenie net met die kinders uit 'n ander huis wil trou nie: There should not be to much intermarriage between two families.

Planne die boom inslaan: Planne verydel: To frustrate plans.

Buig die boompie solank as hy nog jonk is: As die kind nog jonk is moet 'n mens goeie karaktertrekke by hom aankweek: Bend the twig while it is still tender.

Hoë bome vang baie wind: Persone in 'n vername posiesie word baie gekritiseer: High winds blow on high hills.

Deur die bome die bos nie sien nie: Die hoofsaak uit die oog verloor deur te veel op die onderdele te let: Not to see the wood for the trees.

BOOMSKRAAP: Dit het boomskraap gegaan: Dit het swaar gegaan: It was done with difficulty.

Boomskraap wees: Gladnie meer geld hê nie: To be hardup.

BOONTJIE: Boontjie kom om sy loontjie: Kwaad word altyd gestraf: Curses come home to roost.

Boontjie kry sy loontjie: Elkeen kry sy verdiende loon: Every dog has his day.

BOORD: Oor boord gooi: Laat staan, opgee: To cast overboard.

BORDJIE: Die bordjie is verhang: Die toestand is heeltemal verander: The tables are turned.

BORS: Dit stuit my teen die bors: Dit mishaag my: It goes against the grain.

BORSEL: Iemand borsel: Uitdrukking deur studente gebruik as hulle een van hulle onder die plathand laat deurloop: A form of punishment amongst students.

BOS: Om die bos (tuin) lei: Iemand bedrieg: To deceive a person.

Sy soort kan jy agter elke bos (klip) uitskop: Sy soort is baie volop: There is plenty of his sort.

BOSSIES: Werk soos bossies: Besonder baie werk: Very much work.

BOTTEL: Iemand kyk in die bottel: Hy drink: He is addicted to drink.

BOTTER: So maklik soos botter en brood: Baie maklik: It is mere child's play.

Dit is botter aan die galg gesmeer: Dit is vergeefse moeite: That is to milk the ram; or to plough the sand.

Die botter het alleen geslaap: Gesê as botter baie hard is: The cold has made the butter hard.

(Al vier-en-twintig) In die botter geval: 'n Groot geluk oorkom: To come in pudding-time.

Botter by die vis: Kontant betaal: Cash down.

Botter smelt nie in sy mond nie: 'n Mens sou dink dat hy doodonskuldig is en tog is hy tot allerhande kattekwaad in staat: Butter won't melt in his mouth.

Botterkop: Domkop: Blockhead.

Botterkoppie: 'n Klein soort muiltjie: A small kind of mule.

BRAAK: Braak lê: Onbewerk: To lie fallow.

BRAK: Hoe kleiner brak, hoe groter geraas: Iemand wat niks kan doen nie praat altyd die meeste: Empty vessels make most sound.

BRAND: Ons sit in die brand: Ons is in 'n moeilikheid: We are in a fix.

Die koei het in die brand geloop: Word gesê as iemand g'n melk het nie, en jou swart koffie gee, d.i. die koeie wat in die swartbrand loop, gee swart melk: We have no milk to serve with the coffee.

BRANDER: Iemand 'n brander (uitbrander) stuur: Hom per brief skerp berispe: To rebuke a person.

BRANDMERK: Iemand brandmerk vir iets: Iemand as die skuldige beskou: To impute a thing to someone.

BRANDWAG: Brandwag staan: Die beste belange bewaak; wakker wees: To guard one's interests most diligently; to be on the look-out.

BREED: Dit nie breed hê nie: Maar arm wees: To be hardly able to make both ends meet.

Breed aanvoor: 'n Te groot begin maak: To begin on too large a scale.

BREEK: Nood breek wet: Die nood dwing 'n mens partymaal tot 'n verkeerde daad: Necessity knows no law.

BREKFIS: Dit is net 'n brekfis vir my: Dit is 'n kleinigheid: It is a mere trifle.

BRES: In die bres tree vir iemand: Iemand verdedig: To stand in the breach.

BRIEF: 'n Anderman se briewe (boeke) is duister om te lees: Ons kan nooit presies sê wat die moeilikhede of hoe die sake van 'n ander is nie: No one knows where the shoe pinches like the wearer.

BRIEK: Iemand se briek aandraai: Iemand dwing om nie so haastig met 'n saak te werk te gaan nie: To curb.

Sy briek is los: Deur eie skuld gaan sy sake vinnig agteruit: He is causing his own fall.

BRIL: Twee Jode weet wat 'n bril kos: Skelms ken mekaar se streke: Set a thief to catch a thief.

Iemand 'n bril op die neus sit: Hom bedrieg: To cheat a person.

BRING: Iemand om die lewe bring: Doodmaak: To kill a person.

Iemand na die trein bring: Meegaan na die trein as hy moet vertrek: To see someone off.

Iemand tot sy plig bring: Hom iets afleer: To teach a person his duty.

Iets aan die man bring: Verkoop of meedeel: To sell or communicate something.

Onder die oog bring: Iemand op iets verkeerds wys; hom waarsku: To bring it under someone's notice.

BROEK: Ek voel dit aan my broek se naat: Ek is seker daarvan: I feel it in my bones.

Dit het broekskeur gegaan: Dit het baie swaar gegaan: By the skin of one's teeth.

Hy is ook net man omdat hy broek dra: Hy beteken nie veel nie; 'n mens kan nie op hom staatmaak nie: He is a milksop.

Die broek dra: Die baas speel: To wear the breeches, (of a wife who rules her husband).

Sy broekspype speel ghitaar: Hy is in die nood: He is very much afraid.

BROERTJIE: Aan werk het hy 'n broertjie dood: Hy haat werk: He hates work.

BROOD: Werp u brood op die waters: Doen goed, sonder om beloning te verwag: Cast thy bread upon the waters.

'n Mens kan nie alleen van brood lewe nie: Die geestelike is meer as die stoflike: Man shall not live by bread alone.

By gebrek aan brood eet 'n mens korsies van pastei: As 'n mens 'n nietige iets, wat hy nodig het, nie besit nie, dan moet hy dikwels iets van baie groter waarde in die plek daarvan gebruik: If water cannot be had we must make shift with wine.

Iemand se brood uit sy mond neem: Iemand van sy middele van bestaan berowe: To take bread out of a person's mouth.

Hy verdien sy brood (sout): Hy kan van sy werk leef: He earns a living.

Die een se dood is 'n ander se brood: Die dood of ondergang van een persoon is die verheffing van 'n ander: One man's meat is another man's poison.

Wie se brood 'n mens eet, die se woord 'n mens spreek; wiens brood men eet, diens woord men spreek: 'n Mens spreek sy meester nie teë nie: Do not quarrel with your bread and butter.

Soet (mooi, wit) broodjies bak: Gedwee en inskiklik wees, nadat jy jou oor 'n ander sterk uitgelaat het: To eat humble-pie.

Dit is broodnodig: Baie nodig: It is indispensable.

Broodrug maak: Gebruik van 'n perd wat wil spring:

BRUID: Die bruid is in die skuit, nou is die mooi praatjies uit: Na die huwelik kom daar 'n end aan die mooi praatjies, komplimente en vleiery: All sweet promises end with the day of marriage.

BUFFEL: Iemand is 'n buffel: Gesê van 'n onbeskofte vent: He is a rude fellow.

BUI: In 'n goeie bui wees: Goed gehumeur wees: To be in a good mood.

BUIG: Buig of bars: Dit moet, al kom wat wil: By hook or by crook.

BUIKVOL: Buikvol wees van iets: Genoeg van iets hê: I am sick of it.

BUITE: Hom te buite gaan: In iets nie sy maat ken nie: To overdo something.

BUL: Soos 'n bul in 'n glashuis (glaaskas): Gebruik van iemand wat hom op 'n seker plek nie tuis voel nie: Like a bull in a china-shop.

Pak die bul by die horings: Gebruik die geleentheid; handel dadelik: Take time by the forelock.

BULLEBAK: Iemand is 'n bullebak: 'n Nors, onbeleefde vent: He is a surly person, a bully.

BYLTJIE: Die byltjie daarby neerlê: Ophou daarmee: To throw up the sponge.

BYSPRING: Iemand byspring: Iemand help: To lend a hand.

BYSTER: Die spoor byster wees: Van die spoor verdwaal wees: To be at a loss.

BYT: Iemand in die stof laat byt: Hom doodskiet in 'n geveg: To kill a person in a battle; to make him bite the dust.

D.

DAAD: Die daad by die woord voeg: Dadelik handelend optree: To suit the action to the word.

DAANTJIE: Tot by oom Daantjie in die kalwerhok: So ver as moontlik: To the furthest extreme.

DAARNATOE: Dit is daarnatoe: Dit kom daar nie op aan nie, dit is nou eenmaal so: It does not matter.

DADELS: Daar kom dadels van: Daar sal niks van kom nie: It will not happen.

Dadels gee: 'n Pak slae gee: To give someone a hiding.

DAG: Rome is nie in een dag gebou nie: Wees geduldig, goeie dinge kom langsaam: Rome was not built in a day.

Jonk van jare, maar oud van dae: Nog jonk, maar met baie ondervinding: An old head on young shoulders.

Voor dag en dou (dou voor dag) opstaan: Baie vroeg opstaan: To rise with the lark.

Die saak is so klaar soos die dag: Heeltemal duidelik: The matter is as clear as daylight.

Van die nag 'n dag maak: Laat na bed gaan en laat opstaan: To turn night into day.

Die kwaad sal aan die dag kom: Dit sal uitkom: The evil will come to light.

Met iets nuuts voor die ('n) dag kom: Iets onbekends uitvind of vertel: To introduce something new.

Verag nie die dag van klein dinge nie: 'n Klein begin kan tot groot dinge lei: Do not despise the day of small things.

Elke dag het genoeg aan sy eie kwaad: Wees nie besorg oor wat môre sal gebeur nie; bekommer jou nie oor die toekoms nie: Sufficient for the day is the evil thereof.

Op sy ou dag: Toe hy al oud was: In old age.

Die dag kom uit die nag: Die goeie kom uit die slegte: Out of evil, good will come.

DAK: Die huis het 'n dak: Dit word gesê aan iemand wat met sy hoed op, die huis ingestap kom: He wears his hat in the house.

Daar is te veel dak op die huis: Daar is mense wat afluister: There are eavesdroppers; walls have ears.

Iets van die dakke af predik: Openlik, orals iets verkondig: To proclaim from the house-tops.

DAN: So dan en wan: Af en toe: Now and then.

DANKBAAR: Dankbare aarde: Grond wat met bietjie bemesting baie goeie resultate oplewer: Rather fertile ground.

DANKIE: Hy kan dankie sê! Ek sal dit nooit doen nie! He'll have to wait very long!

DANS: Die poppe is aan dans: Die moeilikheid het begin: The fat is in the fire.

Die dans vryspring: Hy het vrygekom: He got off scot-free.

Na iemand se pype dans: Doen wat 'n ander een sê: To dance to someone's tune, or piping.

DAPPER: Met Dapper en Stapper gaan: Te voet loop: To ride shank's pony.

DAWID: Weet waar Dawid die wortels gegraaf het (ook, **Iemand wys waar Dawid ens.**): Op die hoogte van 'n saak wees; iemand op die hoogte bring: To know how many beans go to make five; to know what is what.

DEMP: Die put demp as die kalf verdrink het: Die fout herstel as dit al te laat is: To lock the stable-door after the steed is stolen.

DERDEGELUI: Iemand is 'n ou derdegelui: Gebruik vir iemand wat baie stadig is: A very slow person.

DERDEMANNETJIE: Derdemannetjie speel: Iemand wat 'n verliefde paar deur sy teenwoordigheid hinder; nie die belangrikste rol speel nie; 'n soort pieknikspeletjie: To be gooseberry; to play second fiddle; to play two's and three's.

DEUNTJIE: Die deuntjie (rympie) al goed ken: Iets goed ken deur dit herhaaldelik te vertel: To know by heart.

'n Ander deuntjie sing (fluit): Iets sê wat gladnie ooreenstem met wat hy eers beweer het nie: To sing a different tune.

DEUR: Vee eers voor jou eie deur: Verbeter eers jou eie foute: To sweep before one's own door.

Met die deur in die huis val: Dadelik sonder omweë met iets begin: To rush at once into the thick of the matter.

As elkeen voor sy eie deur vee, sal die straat skoon wees: As elkeen sy plig doen, sal daar baie verrig word: If each one does his little bit much can be done.

As jy self agter die deur staan, dan soek jy 'n ander ook daar: Jou eie gebreke sien jy maklik in 'n ander ook raak: To measure other people's corn by your own bushel.

'n Deur oopmaak (oopsit) vir iets: Geleentheid gee daartoe: To give an opportunity for.

DEURDRUK: Deurdruk tot die end toe: Aanhou tot die doel bereik is: To persevere.

DEURLOOP: Iemand laat deurloop: 'n Pak slae gee; berispe: To give someone a hiding; to rebuke.

Deurloop dag-toe: Aanhou tot dit dag is: To keep on the whole night.

DEURMEKAAR: Dit was glad deurmekaar: Dit was nie in orde nie: It was quite topsy-turvy.

DEURSLAG: Deurslag gee aan iets: 'n Saak beslis: To provide the decisive factor in a matter.

DIEF: Een dief met 'n ander dief vang: 'n Skelm weet hoe skelms te werk gaan: Set a thief to catch a thief.

Daar is 'n dief aan die kers: Die kers drup: There's a thief in the candle, i.e. the candle is dripping.

'n Deurtrapte dief: 'n Dief, wat sy werk ken: An expert thief.

Elkeen is 'n dief in sy nering: Iedereen sorg vir homself die eerste of beste: Everybody is a thief in his trade.

DIENS: Een diens is 'n ander diens werd: Bewys 'n guns aan iemand, dan is hy 'n guns aan jou verskuldig: One good turn deserves another.

DIG: So dig soos 'n pot: Word gesê van iemand wat 'n geheim goed bewaar: To be very close.

Iets dig hou: Geheim hou: To keep something secret.

DIK: Deur dik en dun help: Onder alle omstandighede: To assist through thick and thin.

Dik maats wees: Baie groot maats wees: To be intimate friends.

Daar dik in sit: Ryk wees: To be well-to-do.

DINGES: By Dinges iets gehoor: Gebruik as 'n mens die naam van die persoon van wie gepraat word, vergeet het: I heard it from what's-his-name?

DISNIS: Iemand disnis werk: Iemand heeltemal oortref: To surpass.

DIT: Oor dit en dat praat: Oor verskillende sake: Small talk.

DOEKIES: Moenie doekies omdraai nie: Vertel alles reguit, moenie iets wegsteek nie: Do not try to mince matters.

DOEL: 'n Doel bereik: Sy sin kry, sy oogmerk behaal: To achieve an end.

Die doel heilig die middele: Enige middel is geregverdig as die doel maar goed is: The end justifies the means.

DOEN: In iemand se doen en late: In sy optrede; soos hy handel: In one's comings and goings.

DOEPA: 'n Meisie doepa ingee: 'n Meisie met behulp van medisyne op jou verlief laat raak: To drug (or dope) a girl.

DOKKIES: Iemand 'n albaster laat verdien deur hom op die kneukel daarmee te skiet: To give someone a marble after he has been shot on his knuckles.

DOMASTRANT: Iemand is domastrant: Gesê van iemand wat onverskillig en parmantig is: To be impudent.

DOMKOP: Domoor; dommerik: Blockhead, dunce.

DONKERWERK: Donkerwerk is konkelwerk: Werk wat in die donker gedoen word, kan nie goed wees nie: If a person does things in the dark, he makes a mess of it.

DOOD: Dis sy dood: 'n Boesemsonde wat 'n mens nie kan laat vaar nie en wat die ondergang van die persoon kan veroorsaak: That will cause his fall.

Iemand is dood in die nood: Baie bang wees: To be dead scared.

Net goed wees om die dood te gaan haal: Baie stadig wees: Too slow to catch a snail.

Om die dood nie: Gladnie; nooit: Never, under no circumstances.

Wat nie dood maak nie, maak vet: Gesê wanneer 'n mens iets onaantrekliks of onbekends eet: We won't die if we eat this.

Nie bang vir die dood nie, maar vir die lank wegbly: 'n Omslagtige manier om te sê, dat 'n mens darem bang is om dood te gaan: I do not fear death, but the staying away.

Iemand die dood op die lyf ja: Iemand groot laat skrik: To frighten the wits out of somebody.

Dood soos 'n mossie: Morsdood: As dead as a doornail; as dead as mutton.

Die dood is in die pot: Alle opgeruimdheid is weg; Death is in the pot.

Dood moet 'n oorsaak hê: Dit is nie moeilik om ekskusies te kry nie: It's not difficult to find excuses.

Die een man se dood is die ander man se brood: k y k **Brood.**

Daar is meer as een manier om 'n kat dood te maak: 'n Mens kan 'n saak op verskillende maniere aanpak en tog 'n sukses daarvan maak: There are more ways of killing a cat than drowning it in cream.

Van die dood in die wêreld gekom het, is 'n mens nie van sy lewe seker nie: 'n Mens weet nie wat in die toekoms sal gebeur nie: We don't know what the future will bring.

Liewers dood baklei as dood eet: Deur iemand gebruik as ander by hom aandring om nog iets te eet, terwyl hy al genoeg het: Prefer a soldier's to a glutton's death.

Liewer dood as uit die mode: Gesê van persone wat altyd die mode volg: Rather dead than out of fashion.

My dood kry is min (Totius in "Besembos"): Hulle kan maak wat hulle wil, hulle sal my tog nie dood kan maak nie: In vain they will try to blot me out.

Doodgegooi op 'n nooi: Baie verlief wees: Badly in love with a girl.

DOODGERUS: Heeltemal gerus: Without suspecting anything.

DOOF: So doof soos 'n kwartel: Baie doof wees: To be stone deaf, as deaf as an adder, as deaf as a post.

Niemand is so doof as wie nie wil hoor nie: Gesê van iemand wat nie na raad wil luister nie: None so deaf as those who won't hear.

In die doofpot stop: Probeer om iets te laat vergeet: To hush up a thing.

Aan dowemans- (dooiemans-) deur klop: Die mense nie tuis kry nie of tevergeefs om hulp vra by iemand: To sollicit in vain.

DOOS: Uit die ou doos: Iets ouderwets; uit vanmelewe se dae: Something old-fashioned; from bygone days.

DOP: Iemand dop (in die gate) hou: In die oog hou: To keep an eye on someone.

'n Stywe dop steek: 'n Groot sopie drink; van drank hou: To take a big tot; to be addicted to drink.

Dit is doppie in die emmer met hom: Dis klaar met hom: He is done for.

Jy kan gaan doppies blaas: Jy probeer tevergeefs: To try in vain.

DORING: 'n Doring in die oog: Iets wat hinderlik of onaangenaam is: An eyesore.

'n Doring in die vlees: Iets wat las en moeite veroorsaak: A thorn in the side, or flesh.

Ou doring: 'n Uitdrukking van bewondering of spot: Bravo! Well done!

DOU: Dou voor dag: k y k **Dag.**

DRAAD: Die draad kwyt wees: Nie meer weet wat 'n mens doen nie: To have lost the thread.

Iemand se draad knip: Iemand benadeel (bv. by 'n nooi): To put a spoke in his wheel.

Iemand is kort van draad: Kortgebonde, baie gou kwaad word: He is quick-tempered.

DRAADSITTER: Iemand is 'n draadsitter: Gesê van iemand wat wag om te sien, hoe die saak afloop, voordat hy hom daarin meng; 'n afwagtende houding aanneem: Somebody who waits to see which way the wind blows; to sit on the fence.

DRAADTREKKER: Iemand is 'n draadtrekker: Hy is verantwoordelik vir die slegte dinge wat daar gebeur het: The leader of a conspiracy.

DRAADWERK: Iemand is vol draadwerk: Hy is 'n lastige persoon; hy het baie nukke of skelm plannetjies: He has many fads and fancies.

DRAAI: Jy sal jou draai verloor by my: Ek sal jou slaan: You will find out your mistake.

Iemand draai by 'n nooi: Hy vry na haar: To make love to a girl.

Nie sy draai kry nie: Nie tyd hê om iets te doen of klaar te maak nie: Will not manage in time.

'n Kaapse draai: Kort draaie: To take sharp turns.

By die Kaap draai: 'n Lang omweg gaan: A roundabout-way.

'n Draai aan iets gee: Iets verkeerd voorstel om sodoende voordeel daaruit te trek: To give a matter another turn, to put a new face on something.

In 'n nou (lelike) draai kom: In moeilikheid of gevaar kom: To get into trouble.

DRAAK: Met iemand die draak steek: Hom vir die gek hou: To play the fool with someone.

DREL
DRELKOUS: } 'n baie stadige persoon: A very slow person.

DRIE: Alle goeie dinge bestaan uit drie: 'n Mens moet iets driemaal probeer, voor hy dit opgee: The third time is lucky; three strings make a cable.

DROEFHEID: O droefheid op note: Dit is baie jammer: How sad! What a pity!

DROME: Drome is bedrog: 'n Mens kan nie op drome staat maak nie: One cannot rely on dreams.

DRONK: Dit slaan my dronk: Ek begryp dit gladnie: That beats me hollow!

Dit is sommer dronkstories: Lawwe praatjies: It is only idle talk.

DROOG: Ewe hoog en droog sit: In veiligheid wees: To be out of harm's way.

Nie eers droog agter die ore nie: Baie jonk en onervare wees: To be a greenhorn.

Met 'n droë bek tuisgekom: Teleurgestel wees: To be disappointed.

DROOGSIT: Iemand droogsit: Iemand 'n nederlaag laat ly: To get the better of someone.

DROOM: Iemand uit die droom help: Iemand vertel hoe sake staan: To undeceive a person.

Wie het dit kon droom: Wie het dit ooit kon dink: Who could have dreamt of such a thing!

Drome is bedrog: 'n Mens kan nie gaan na wat hy droom nie: Dreams are idle things.

'n Kind droomland-toe stuur: 'n Kind aan slaap maak: To send a child straight to the Land of Nod.

DRUIPSTERT: Druipstert wegloop; Met die stert tussen die bene wegloop: Ewe verleë weggaan: To sneak away.

DRUIWE: Die druiwe is suur: Iets verkleinеer, wat hy graag wil hê, maar nie kan kry nie: The grapes are sour.

Sy druiwe teëkom: Hom kul, iemand kry wat hom baasraak: To meet his match.

Iemand het druiwekar gery: Hy is dronk: To be intoxicated.

DRUK: Iemand se voetstappe druk: Sy voorbeeld navolg: To follow in his footsteps.

DRUKKERSDUIWEL: Die wese waaraan al die drukfoute ens. toegeskryf word: The printer's devil.

DRUPPEL: 'n Druppel water in die see; 'n Druppel in 'n emmer: Baie min: To be a drop in the ocean.

Na mekaar lyk soos twee druppels water: Besonder baie na mekaar lyk: To be as like as two peas.

DRYF: Iets te ver dryf: Te ver gaan: To overdo.

DUBBELTJIE: Jy het ook 'n dubbeltjie in die viool: Jy het ook iets daarmee te doen: You also have a finger in the pie.

Eer die pad vol dubbeltjies (dorings, duiweltjies) word: Gaan vertel gou (deur kinders gebruik): Be quick about it!

DUI: Iemand iets ten kwade dui: Hom dit kwalik neem: To take something amiss.

DUIE: Die plan het in duie geval: Het misluk: The project miscarried.

DUIM: Duim vir iemand vas hou: Na iemand se sukses verlang: To hold thumbs for someone.

Op sy duim fluit vir iets: Dit nie weer terug kry nie: To whistle for it.

Uit sy duim suig: Wat hy self opgemaak het: To trump up a story.

Iemand onder die duim hou; Iemand die duim op die keel hou: Onder strenge toesig hou; in sy mag hê: To keep someone under one's thumb.

Dit op sy duimpie ken: Hy ken dit baie goed: To have something at one's fingers' ends.

DUISEND: 'n Man duisend: 'n Knap, eersteklas man: A fine man.

DUISMAN (DIESMAN): 'n Witman: A white man.

DUISTERNIS: 'n Duisternis van mense: Baie: Very many.

DUIWE: Onder iemand se duiwe skiet: Iemand benadeel, oneerlik mededing: To encroach upon a person's rights.

DUIWEL: Hoe meer die duiwel het, hoe meer wil hy hê: As 'n persoon baie besit, wil hy altyd nog meer hê: The more one has the more one wants.

So bang vir iets as 'n duiwel vir 'n slypsteen (draaisteen): Baie bang vir iets wees: To be frightened of something.

Te dom om voor die duiwel te dans: Gesê van 'n baie dom mens: To be very stupid.

Ledigheid is die duiwel se oorkussing: As 'n mens ledig is, doen hy maklik kwaad: Idleness is the root of all evil; Satan always finds mischief for idle hands to do.

Die duiwel is los: Die gruwelikste dinge gebeur: Now the fat is in the fire.

Die duiwel in wees: Baie kwaad wees: To be in a vicious temper.

Praat van die duiwel: Gebruik wanneer 'n persoon van wie gepraat word, onverwags op die toneel kom: Speak of angels and you hear the flutter of their wings; talk of the devil, and he's sure to appear.

Loop asof die duiwel agter hom is: Vreeslik vinnig loop: To walk very fast.

Stille water, diepe grond, onder draai die duiwel rond: Gebruik van skynbaar stil mense, wat agteraf allerhande (slegte) dinge doen: Still waters run deep.

Gee die duiwel wat hom toekom: Gee elkeen die deel (eer) waarop hy geregtig is: Give the devil his due.

DUNK: Hoë dunk hê van: 'n Goeie opinie hê van: To think much of.

DUUR: Op die duur: Op die ou end: In the long run.

DWAAL: Dit is menslik om te dwaal: Elkeen kan 'n fout maak: To err is human.

DWARSDEUR: Iemand dwarsdeur kyk: Baie kwaad wees vir iemand: To look daggers at a person.

'N DWARSTREKKER: 'n Persoon wat altyd anders wil handel as 'n ander en so onaangenaamheid veroorsaak: A squabbler.

E.

EED: 'n Heilige eed neem: Iets met 'n eed bekragtig: To take a solemn oath.

EEN: Een te veel vir ons: Hy raak ons baas b.v. 'n kind: He is one too many for us.

Een teen tien: Baie onwaarskynlik: Ten to one.

Een, twee, drie: Baie gou: In a moment.

EEND: Dit is soos water op 'n eend se rug: Gesê van iemand wat hom iets gladnie aantrek nie. It is like pouring water on a duck's back.

Iemand slaan dat hy sy ouma (ma) vir 'n eendvoël aansien: So slaan dat hy nie behoorlik die gebruik van sy oë het nie: You will be utterly confounded.

EENDRAG: Eendrag maak mag: As persone saamwerk kan hulle baie doen: Union is strength.

EENTJIE: Op sy eentjie sit: Heeltemal alleen: To be quite alone.

EER: Met eer van iets afkom: Eer behaal het deur sy gedrag ens.: To acquit onself honourably of it.

Die laaste eer bewys: Sy begrafnis bywoon: To render funeral honours to a person.

Ere wie ere toekom: Wie eer verdien, moet dit ontvang: Honour to whom honour is due.

EERLIK: So eerlik soos goud: Baie eerlik wees: Perfectly honest.

Eerlikheid duur die langste: Met eerlikheid kom 'n mens die beste vooruit in die wêreld: Honesty is the best policy.

EERSGEBOORTEREG: Iemand verkoop sy eersgeboortereg vir 'n bord linsesop: Hy maak nie die regte gebruik van sy voorregte nie: To sell one's birth right.

EET: Die ore van die kop eet; òf **Oues dood en kleintjies groot eet;** òf **So eet dat 'n kat nie met jou maag kan wegloop nie:** Vreeslik baie eet: To consume a tremendous amount of food.

EGIPTIESE: Egiptiese duisternis: Gesê as dit baie donker is (letterlik of figuurlik): Pitch-dark.

EIER: 'n Halwe eier is beter as 'n leë dop: Iets is beter, hoe min ook, as niks nie: A bird in the hand is worth two in the bush.

Op eiers loop: Baie stadig en versigtig loop: To tread upon eggs.

Hy het altoos 'n eiertjie by te lê: Hy het altyd iets aan 'n gesprek by te voeg: He always chips in in a conversation.

EKSIPERFEKSIE: Iets eksiperfeksie doen: Dit baie noukeurig en sorgvuldig doen: To do something in tip-top fashion.

ELEMENT: Iemand is in sy element: Gesê van iemand wat iets doen waarvoor hy lus het, of besonder bekwaam is: To be in one's element.

ELF: Ter elfder uur (ure): Op die laaste oomblik: At the last moment.

Iets op sy elf-en-dertigste doen: Baie stadig: To do something at a snail's pace.

Dit gaan op sy elf-en-dertigste: Dit gaan baie stadig: At a snail's pace.

ELMBOOG: Sy elmboog lig: Te veel sterk drank gebruik: To be addicted to drink; to lift one's elbow.

EMMER: Die emmer skop: Dood gaan: To die.

END: End goed alles goed: As 'n saak goed eindig, dan hoef mens jou verder nie te bekommer nie: All's well that ends well.

Aan die korste (langste) end wees (trek): Die slegste (beste) uit 'n saak kom: To get the worst (best) of an affair.

Die end sal die las dra: Die moeilikhede sal later kom: The sting is in the tail.

ENGELS: Engels praat: Gebruik van iemand wat vloek: To swear.

EPEKONDERS: Voorgewende siekte: A hypochondriac.

ERFGELD: Erfgeld is swerfgeld; Gert erf is Gert swerf: Besittings wat 'n mens nie deur eie inspanning verwerf nie, verloor 'n mens maklik: Easy come, easy go.

ERG: Hy het daar g'n erg in nie: Neem daar g'n notiesie van nie: He takes no heed of it.

Wat te erg is, is te erg: Gebruik om 'n mens se afkeuring oor 'n saak uit te druk: It is too bad.

ERTAPPEL: Hy skil sy ertappels (aartappel) nie tweekeer oor nie: Hy doen 'n ding een keer en dan doen hy dit goed: He does not cook his cabbages twice.

ERTJIES: Ertjies en boontjies iewers deurdruk (saai): Gesê van materiaal wat baie dun is: Used to imply that a material is very thin.

Hy laat hom nie met blou ertjies ('n blaas met ertjies) op loop jaag nie: Hy word nie gou bang nie: He is not easily scared.

ESEL: Iemand is 'n esel: Is besonder dom: He is an ass.

'n Esel stoot hom nie tweemaal aan dieselfde klip (steen) nie: 'n Mens begaan nie tweekeer dieselfde fout nie: Once bitten, twice shy.

'n Mens kan van 'n esel altyd 'n skop verwag: Van 'n slegte persoon kan mens altyd verwag om sleg behandel te word: One can only expect a grunt from a pig.

ESSE: Esse maak (gooi): Kort draaie met 'n rytuig maak: To take sharp turns with a vehicle.

EVANGELIE: Dit is die evangelie in die kerk: Onomstootlike waarheid: It is an absolute truth.

Dis vir hom evangelie: Hy glo daar vas aan: He believes every bit of it.

EWE: Om die ewe: Dit maak geen verskil nie: It is all the same.

EWIG: Die ewige rus ingaan; Die tyd met die ewigheid verwissel; Die ewigheid ingaan: Doodgaan: To die.

F.

FARAO: Farao se plae: Allerlei swaar plae: Pharao's plagues; the plagues of Egypt.

Tussen Farao en die Rooi-See: Tussen twee groot moeilikhede moet kies: Between the devil and the deep sea.

'N FARISEËR: 'n Huigelaar en bedrieër: A hypocrite, a pharisee.

FIEMIES: Iemand is vol fiemies: Hy is baie aanstellerig: To have whims and fancies.

FILEKOMMIS: Iemand filekommis maak: Iemand onterf: To disinherit.

FLATER: 'n Flater maak: 'n Fout begaan: To make a blunder.

FLENTER: Geen flenter omgee nie: Niks omgee nie: Not to care a straw.

FLERRIE: 'n Vryerige mens: A flirt.

FLEUR: Op sy fleur wees: In die volle krag van sy lewe: In the prime of life.

FLIKFLOOI: Iemand vlei: To softsoap a person.

FLIKKERS: Flikkers uithaal (maak): Sy bes doen: To put oneself out.

FLOUS: Iemand flous: Iemand bedrieg: To deceive someone.

FLUIT: Iets fluit-fluit doen: Iets baie maklik doen: To do without special exertion.

Na iets fluit: Dit nie weer terugkry nie: To whistle for it.

FLUSSIES: Flussies kom: Netnou: Presently.

FONTEINTJIE: 'n Mens moet nooit sê: Fonteintjie ek sal nooit weer van jou drink nie: Moenie te seker wees, dat jy iemand se hulp nie weer nodig sal kry nie: Never be too sure.

FRATSE: Iemand is vol fratse: Vol allerhande streke: To be up to any mischief.

FRIKKEDEL: Frikkedel maak van iets: Iets baie stukkend slaan: To smash to atoms.

FRIS: So fris soos 'n vis in die water: Heeltemal gesond: Hale and hearty.

FUIK: In die fuik loop: Jou vasloop: To run one's head into a noose.

FYN: Fyn gevat (uitgepiets): Baie netjies (deftig) aangetrek: To be spick and span.

'N FYNPROEWER: 'n Persoon wat 'n goeie smaak het vir seker dinge: To have a fine palate.

G.

GA(NG)! Dit smaak of ruik sleg: Faugh! Ugh!

GAAN: Dit gaan jou nie aan nie: Dit traak jou nie; dit is nie jou besigheid nie: It does not concern you.

GAAR: Iets gaar dra: Heeltemal stukkend dra: To wear something to rags.

GADING: Iets van sy gading: Iets waarvan hy hou òf wat hy kan gebruik: In his line.

GAL: Sy pen in gal doop: Bitter oor 'n onderwerp skryf: To dip one's pen in gall.

Bo iemand se gal: Bo iemand se begripsvermoë: Beyond somebody's comprehension.

GALG: 'n Kind vir die galg grootmaak: Hom in ondeug laat opgroei: To allow a child to grow up in vice.

Dit is botter aan die galg gesmeer: k y k **Botter.**

Dit lyk of hy van die galg gewaai is: Maer en vervalle daar uitsien: To be very pale and thin looking.

Bou 'n galg vir 'n ander, dan hang jy daar self aan: Wil jy 'n ander in die moeilikheid bring, dan oorval die ongeluk jou dikwels self: Hoist with his own petard.